

WÊRELDKONGRES

Vleisverbruik sal aanhou groei

Dit was op die 20ste kongres van die Internasionale Vleissekretariaat (IVS) duidelik dat verbruikers 'n hoë prys stel op dierewelsyn en die naspeurbaarheid van produkte.

DIE wêreldwye verbruik van vleis sal in die afsienbare toekoms bly groei en die ongekende stygende vraag na veeprodukte sal in die volgende vyf dekades bly toeneem, het afgevaardigdes na die kongres verlede maand in Beijing, China, gehoor.

Die IVS is die spreekbuis van die internasionale vleisbedryf en verteenwoordigers van 43 lande het die kongres bygewoon. Mnr. Gerhard Schutte, uitvoerende hoof van die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), en Jaco Maré het die kongres namens die nasionale RPO bygewoon.

Dit het op die kongres duidelik geblyk dat verbruikers volhoubare boerdery en diersorg hoog aanslaan. Die oorsprong en naspeurbaarheid van vleis is ook belangrik. Daar bestaan ook 'n groeiende behoefte aan handelsmerke, maar dit moet deur gehaltetwaarborge gerugsteun word.

VERBRUIK IN CHINA

China was ook sterk onder die vergrootglas. China het die grootste skaapkudde ter wêreld (300 miljoen stuks), maar is desondanks 'n netto invoerder van skaapvleis. Hy voer jaarliks 1,5 miljoen ton vleis in en dié syfer sal na verwagting verder styg. Varkvleis en hoendervleis maak die grootste deel van dié invoer uit.

Die verbruik van rooivleis in China is 60 kg per kop per jaar en dit groei steeds.

'n Ander belangrike punt wat op die kongres uitgelig is, is dat die

wêreldbevolking van die huidige 7 miljard mense tot 9 miljard teen 2050 sal groei. Dit stel 'n groot uitdaging aan die internasionale vleisbedryf. Die groei in die bevolking, inkomste en verstedeliking sal tot gevolg hê dat die planeet in die volgende 40 jaar 70% meer voedsel sal moet produseer.

Die vraag na voedsel en spesifiek vleis, sal die vinnigste in ontwikkelende lande styg, maar sal stagneer in ontwikkelde lande. Lande sal 90% van die vee wat hulle self produseer, ook self verbruik. Die goeie nuus is dat die groter vraag na vleis tot gevolg gehad het dat die reële pryse van vleis reeds gestyg het en in die toekoms waarskynlik ook verder reël sal styg.

Wat die res van die wêreld betref voer Kanada 50% van sy beesvleis en 70% van sy varkvleis uit. Brasilië het 308 miljoen beeste, waarvan 43 geslag word. Uruguay verbruik jaarliks 100 kg beesvleis per kop. Dié land het die gebruik van hormone verbied en volg 'n volledige naspeurbaarheidstelsel.

EUROPESE UNIE

Terwyl Asië se bruto binnelandse produk die vinnigste van alle lande groei, ervaar die Europese Unie maar stadige groei. Naspeurbaarheid is baie ingewikkeld in Europa en lei daartoe dat heelwat produkte teruggeroep word.

Nog punte van belang wat op die kongres aandag geniet het, is:

- Afrika het 160 miljoen beeste, en die Soedan 30 miljoen.
- In arm lande word 70% die-

remis gebruik om grond vrugbaar te maak.

- Voerpryse het gedaal, veral dié van graan, maar die koste van proteïene in voer bly hoog.
- Sowat 30% van voedsel wat wêreldwijd geproduseer word, word nooit gebruik nie.
- Die produksie van organiese voedsel gebruik 20% meer hulpbronne en laat 'n groter koolstofspoor as kos wat op konvensionele maniere geproduseer word.

Wat dieregesondheid betref, is op die kongres daarop gewys dat die grootste las van soönose op die een miljard arm, opkomende boere in die wêreld val. Volgens die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) is hondsdoelheid en brucellose baie belangrike soönoses.

Die OIE moedig die veterinêre owerhede van al sy lede aan om met die internasionale liggaam wat standarde vir voedselveiligheid stel, Codex, te koördineer wat standarde op nasionale vlak betref.

GESONDHEIDSBEWUS

Verbruikers word al hoe meer

gesondheidsbewus en dring aan op omgewingsvriendelike verpakkingsmateriaal. As gehalte en prys dieselfde is, is die ondersteuning van maatskaplike en omgewingskewessies die belangrikste verkoopsfaktor. Prys, smaak en voedingswaarde is steeds die belangrikste faktore in verbruikers se besluit om te koop.

Sover dit rooivleis as 'n produk betref, is dit duidelik dat die rol van rooivleis in 'n gebalanseerde dieet deel moet wees van 'n leerplan in skole. Die smaak van rooivleis is 'n groot voordeel vir die bedryf, asook die feit dat rooivleis noodsaaklike voedingstowwe aan verbruikers voorsien.

Dit blyk ook dat hoë grondpryse 'n universele probleem is.

Boere moet in gedagte hou dat verbruikers verantwoordelike produksiepraktyke van hulle verwag. Dit is moontlik om te produseer en te bewaar. Hulle moet hulle op verhoogde produksie op 'n omgewingsvriendelike wyse instel.

'n Wêreldkongres oor volhoubare beesvleisproduksie word aanstaande jaar in Sao Paulo, Brasilië aangebied. **LBW**

NUWE VERENIGING

VELDVLEIS: GESOND EN EKONOMIES

Die Veldvleis-vereniging van Suid-Afrika (Grass-fed Meat Association of South Africa) is pas gestig met die doel om 'n omgewingsvriendelike, gesonde en ekonomies lewensvatbare produk (veldvleis) aan die Suid-Afrikaanse bedryf te verseker.

Die vereniging se missie is om te verseker dat veldvleis die produk is van herkouerdere wat op 'n menswaardige manier grootgemaak en gehanteer is, wat tydige teen siektes, uitwendige sowel as inwendige parasiete behandel is om sodoende doeltreffende vleisproduksie te verseker. Die diere moet die produk wees van 'n vrylopende weistelsel, wat natuurlike of aangeplante weiding kan insluit. Verder mag hulle geen diereprodukte inneem en hulle moet vry wees van hormone, groeistimulante, antibiotika en beta-antagoniste.

Die boer se bestuurstelsel moet bydra tot 'n volhoubare natuurlike omgewing. Die produkte sal só bemark word dat dit tot voordeel van die boer (billike pryse) en die verbruiker (gehalte) is.

Mnr. Adriaan Cloete, voorsitter van die vereniging, sê mense en instansies wat betrokke is by die produksie van bees-, skaap- en wildsvleis, kan by die vereniging aansluit.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 348 1933.

E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.